
# GELOOF In Die Woord



# FAITH In The Word

**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411**
**WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com**


# PASGA IN DIE HEILIGE NAGMAAL

Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry.

In watter opsigte was die Pasga in die Heilige Nagmaal vervul?

**GESINS DEELNAME**

Hoe het die vroeë Kerk nagmaal gebruik? Dit is uit die Skrif duidelik dat hulle dit by hul byeenkomste of by hul huise gebruik het - maar dit was altyd tydens 'n maaltyd.

Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en Sy dissipels die Pasga gehou het.

**Luk.22:7: En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die Pasga geslag moes word.**

Wat is die Pasga? Die Eerste Pasga het plaasgevind met die bevryding van God se uitverkore volk, die Hebreërs uit Egipte en slawerny. Kom ons lees Ex.12:3.

Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.

Hierdie lam is geslag, voorberei en geëet. Dit moes volmaak, sonder enige gebrek, wees. In die Nuwe Testament het Jesus Christus, vlekkeloos en sondeloos, die Paas Lam geword en ons eet nog steeds van Sy vlees (simboliese herinnering) elke keer wanneer ons die nagmaal gebruik.

**Ex.12:7: En hulle moet die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte, en aan die bo-drumpel aan die huise waarin hulle dit eet.**

Die Bloed van Jesus red ons van die Ewige Dood.

**Ex. 12:8: En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.**

**v.13: Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.**

**v.14: En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot die eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.**

Die Pasga is deur God ingestel en Israel het dit vir die eerste keer, op die vooraand van hul vertrek uit Egipte, die land van slawerny, gebruik. Hulle is beveel om dit een maal `n jaar te vier en daarmee aan te hou, en dit is presies wat die ortodokse Jode steeds doen. Hulle herdenk elke jaar die wonderlike verlossing wat God vir hulle bewerk het. Hulle vier hul vryheid van dwangarbeid en gevangenisskap.

Alhoewel die ongeredde Jode slegs die Ou Testament erken, het die Here tog vir hulle wonderlike beloftes van seëninge en voorspoed

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Pasga in die Heilige Nagmaal…. )*

gegee. AS JULLE NA MY WOORD LUISTER EN MY INSETTINGE HOU ..(Deut. 28:1-12). Hy sê vir ons dieselfde!

Om Sy bevele te gehoorsaam; is om te doen wat Hy in Sy Woord beveel. Die Israeliete het, wat God beveel het, nougeset uitgevoer en drie wonderlike dinge het gebeur.

Eerstens: Die nag waarop hulle vir die eerste keer die Pasga gebruik het, het nie een Israeliet gesterf nie maar duisende eersgebore kinders van elke gesin in Egipteland het gesterf (selfs Farao se troonopvolger). Die doodsengel het by die huise verbygegaan waar die bloed van die lam aan die deurposte gesmeer was.

Tweedens: Toe die Israeliete getrek het was hulle nie arm slawe nie, maar eintlik gegoede mense.

**Ex.12:35 & 36: En die kinders van Israel het gehandel volgens die woord van Moses: hulle het van die Egiptenaars silwergoed en goue goed en klere geëis;**

**En die Here het aan die volk guns verleen in die oë van die Egiptenaars, en die het hulle versoek ingewillig. So het hulle dan die Egiptenaars berowe.**

Derdens: Was daar *nie een sieke onder hierdie bykans 3 miljoen* Jode wat uit Egipte getrek het nie! Die Skrif sê so:

**Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme waas daar niemand wat struikel nie (Ps. 105:37)**

**Engels: He brought them forth also with silver and gold: and there was not one feeble person among their tribes.**

Kan jy jou voorstel was sal gebeur as die bevolking van Suid Afrika kennis gegee word om oor die Limpopo te trek? Sal daar genoeg rystoele, draagbare en ambulanse wees om al die siekes en gebreklikes te vervoer? Ons sal busse en treine moet gebruik om almal te vervoer!! Maar hier het 3 miljoen jubelende mense die pad gevat met kamele, perde en donkies en DAAR WAS NIE EEN SIEKLIKE ONDER HULLE NIE!! Waaraan kan ons hierdie merkwaardige toestand toeskryf? Onthou dat hulle die vorige nag die paaslam geslag het en die hele gesin het daarvan geëet, soos God hulle beveel het, en hulle het krag en gesondheid ontvang. Ons Paaslam - Jesus Christus is ook doodgemaak en geoffer en as ons dit gereeld onthou en deel het aan Sy vlees (die brood, simbolies), die Here se Liggaam op `n waardige wyse onderskei, sal genesing, gesondheid en krag ook deel van ons erfenis wees.

As daar dan onder die Ou Verbond sulke wonderlike beloftes van volkome genesing en gesondheid vir die volk van God was, hoeveel te meer behoort ons, onder die Nuwe Bedeling, nie dieselfde voordele te geniet nie. God se Woord sê in **Heb.8:6:Maar nou het Hy ‘n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van ‘n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.** BAIE DANKIE JESUS!

Siekte was deel van die vloek van die wet in die Ou Testament, maar in die Nuwe Verbond, het Jesus die vloek op Homself geneem (Gal.3:13). Jesus het aan ons `n Nuwe Testament gegee, `n beter verbond, gebaseer op beter beloftes en Hy het dit met Sy eie gestorte Bloed verseël. Nou kan ek en jy gesondheid, vrede, vergifnis en verlossing verkry. Let weereens op **Ex.12:3: Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen ‘n lam neem volgens die families, ‘n lam vir `n huisgesin.**

Daardie nag toe die Paasfees ingestel is, het die vader van die huis vergunning gekry om geestelike pligte te vervul wat gewoonlik slegs deur die priesters uitgevoer is. Die vader het vir daardie geleentheid as die hoë priester van sy huis opgetree. Dit vind jaarliks, ter gedatenis aan daardie eerste Paasfees, plaas. Elke jaar gedurende die Pasga vertel die vader aan die kinders wat gebeur het toe hulle uit Egiptiese slawerny bevry is en hoedat God wonderwerke gedoen het om dit moontlik te maak. Hulle vier hierdie gebeurtenis een keer `n jaar en almal, die kinders ingesluit, neem as `n gesin deel.

Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry. Elke dag is die dag van Verlossing, ons Pasga, elke dag is `n dag om hierdie groot gebeurtenis te vier, die grootste gebeurtenis van alle tye! Die hoogtepunt van beide die Ou en Nuwe Testamente!

*(Vervolg op Bl. 3)*

*(Vervolg vanaf Bl. 2 - Pasga in die Heilige Nagmaal…)*

Dit is aanvaarbaar, om aan te neem, dat die hele gesin (kinders ingeslote) een keer `n dag met `n ete brood kon gebreek en die vrug van die wynstok kon gedrink het, ter herinnering aan die voltooide werk aan die kruis.

Die man en vader behoort sy posisie as die geestelike hoof van die gesin te aanvaar. Hierdie God gegewe gesag aan die man is God se versekering van geestelike beskerming vir die gesin.

Ons word dikwels gevra of kinders mag deelneem aan die Heilige Nagmaal, en as hulle mag, op watter ouderdom. Dit is `n interessante vraag en ek glo die antwoord lê by die Pasga maal. Die Hebreërs is deur God beveel om `n lam vir `n huisgesin te neem. Die hele huisgesin het deel gehad aan die paaslam – nie een gesinslid, wat kon eet, is uitgesluit nie. Hulle het geweet waarom hulle dit geëet het; in gehoorsaamheid aan God. Ons lees in Ex.12:14, 26 en 27 dat die Israeliete (Jode) beveel is om die Eerste Paasfees, elke jaar as `n gedagtenis (in herinnering) te hou en dit as `n voorskrif deur die geslagte heen, verewig na te kom.

**Ex. 12: 14, 24, 26, 27: En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.**

**Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid.**

**En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar?**

**Dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig.**

Wanneer ortodokse Jode vandag nog die Pasga hou, doen hulle dit netso! Die gesinslede sit almal om die tafel en die maal word volgens `n vaste orde bedien. Die jongste kinders teenwoordig moet vrae vra wat betrekking het op die maaltyd en die betekenis van elke bestanddeel wat bedien word. Die vader vertel dan die hele verhaal van die uittog, en wat elke dis se betekenis is in die wonderlike gebeurtenis van verlossing van hul onderdrukkers en uit slawerny. Let op dat hulle aan die maaltyd deelneem "ter herinnering" aan hulle verlossing, hulle "roep dit hardop uit" en vier dit met dankbare harte teenoor God, Wie dit moontlik gemaak het. Dit is presies wat Jesus in 1Kor.11:24-26 gesê het dat ons moet doen, wanneer ons aan Sy kruisdood, ons groot verlossing uit die wêreld en die duiwel se slawerny dink. Met dankbaarheid, as `n gedenkteken, ter herinnering en bekendmaking van Sy dood totdat Hy weer kom. Ek glo dat die gesinne in die vroeë kerk die Heilige Nagmaal presies so gebruik het, want hulle het volgens die bevele van die Here gehandel. Die gesin het om die tafel gesit en hulle daaglikse maaltyd geniet, en die vader het die brood gebreek, gebid en God verheerlik en dit met sy vrou en kinders gedeel. Die kinders was van jongs af betrokke deur vrae te vra aangaande die breek van die brood uit dankbaarheid teenoor Vader God se liefde deurdat Hy Jesus Christus Sy enigste Seun gestuur het om vir ons gekruisig te word. Die volle betekenis en gevolgtrekkings is aan hulle verduidelik. Daarna is die beker, nadat die vader gedank het vir die gestorte Bloed van ons Here Jesus, aangestuur.

Die kinders het van die verbond met Jesus Christus hul Verlosser geweet en hulle het ook van die Beker – die Bloed van Jesus geweet, wat hierdie Nuwe Verbond moontlik gemaak het. **1Kor.11:25: Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in My Bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.**

Daar was geen verwarring omtrent die nagmaal nie, want op `n baie vroeë ouderdom reeds is hierdie Bybelse waarhede, volgens God se bevele, aan hulle vertel. Hulle het geweet wat God se bevele was. Wanneer die kinders oud genoeg was om `n persoonlike verbintenis met die Here Jesus te maak en gered is (Jesus Christus as persoonlike Saligmaker te ontvang) die belangrikheid daarvan verstaan het, is hulle as gelowiges gedoop.

Dit verskil grootliks met vandag se toestand. Baie kinders word Sondagskool toe gestuur waar hulle die leerstellings van hul denominasies leer, terwyl baie van die ouers

*(Vervolg of Bl. 4)*

*(Vervolg vanaf Bl. 3 - Pasga in die Heilge Nagmaal)*

nooit kerk toe gaan nie. Hulle het ook nie gehoor van die noodsaaklikheid om `n persoonlike verhouding met Jesus Christus as Here te hê nie. Die ouers van die vroeë kerk het `n lewende verhouding met hul Hemelse Vader gehad, en kennis van Jesus Christus, waarop hulle in geloof gehandel het. Hulle het die bevele van Jesus in hulle huise uitgevoer en was lewende voorbeelde van hul geloof in Hom.

Hulle was getrou aan die bevele, aangaande die nagmaal, wat die Here in Sy Woord aan hulle gegee het. Daar was geen onbybelse, mens gemaakte rituele, soos bv. die doop van babas en voorstelling van jong volwassenes nie. Beide van hierdie "kerk" vereistes is onskriftuurlik.

In die Bybel is babas ingeseën en volwassenes is gedoop deur onderdompeling in water, wanneer hulle tot bekering gekom het en in die Here Jesus Christus geglo het. In die denominasie waaraan ek behoort het, is ek verkeerdelik geleer, dat as ek nie in daardie kerk "gedoop" en "voorgestel" is nie, ek nie nagmaal kon gebruik nie. Dan kon ek ook nie daarin trou of daaruit begrawe word nie. Al betekenis wat die nagmaal vir my gehad het was dat ek nou 'n kerklidmaat was en `n volwasse lid wat self kon besluit wanneer ek wou kerk toe gaan, en wanneer nie.

Ek het net gehoor van die straf wat oor my sou kom as ek nagmaal op `n onwaardige manier sou gebruik; maar is nooit ingelig aangaande die voordele van die Heilige Nagmaal nie.

Ek glo dit is nog steeds van toepassing op die meeste jong mense uit tradisionele kerke waar aanneming nog geld. Ek het nooit van 'n verhouding met Jesus Christus as my persoonlike Verlosser, gehoor nie. Wanneer ek aan hierdie dinge terug dink wil my hart breek, want dink net hoe hartseer dit my Hemelse Vader moes gemaak het.

Dit is `n jammerte, maar tog is daar vandag nog duisende, pragtige opregte mense wat presies dieselfde pad loop as wat ek geloop het, maar prys die Here, daar is `n oplossing. Laat ons na die Bybel teruggaan as ons enigste gesag, die geïnspireerde Woord van God en Bloudruk vir ons lewens. Laat ons volgens die bevele en gebooie van Jesus handel. ●

# THE IMPORTANCE OF REPENTANCE

The evidence of a chaotic world is on every side! We are bombarded with evidence of how far we are from God's perfect plans for our world. The morality of the western world seems to be in free fall. Financially, the world is rocking, with nations like Greece on the verge of total financial collapse. World leaders posture as they attempt to ele-vate their position—for example, Putin's attempts to restore the glory of Russia to the dismay of NATO. Rogue nations like Iran and North Korea continue to develop weapons of destruction. Islamic attacks around the world continue to claim the lives of those who are considered infidels. In Israel, rocket fire from three borders and terror attacks within our borders, keep everyone on edge.

Many looked forward to last year with wonder, and others, with trep-idation as the fourth blood moon in the tetrad cycle approached on Sukkot (Feast of Tabernacles). Others spoke of the fact that as it was a shmitah year, the seventh year in the biblical cycle in which the land is to rest. The shmitah also ended in September. Some said that it was a signal of coming judgment, others that it was a sign of blessing for Israel. Many are hoping that Jesus, the Mes-siah will come very soon. Although there is much speculation about what it all means, one thing is clear—these are not ordinary days.

The prophet Joel prophesied of signs in the heavens, **"The sun shall be turned into darkness, and the moon into blood, before the coming of the great and awesome day of the LORD. And it shall come to pass that who-ever calls on the name of the LORD shall be saved. For in Mount Zion and in**

*(Continued on page 5)*

*(Continued from page 4 - The importance….)*

**Jerusalem there shall be deliverance, as the LORD has said, among the remnant whom the LORD calls" (Joel 2:31-32).**

In Matthew 24, Jesus told His followers to watch for His return, saying that there will be signs in the heavens before His coming. The passage goes on to say that we will not know the time of His coming, so we must watch and always be ready. **"Therefore you also be ready, for the Son of Man is coming at an hour you do not expect" (Matt. 24:44).**

In Matthew 25 we find the story of the 10 virgins waiting for the bridegroom to come and claim his bride. The passage tells us that when the bridegroom came, five were ready and five were not. This is a clear call to all of us to be ready How? We need to repent and keep ourselves in a constant state of readiness before the Lord.

We need to be in the habit of repenting frequently if we want to be sure we are always in a right relationship with God.

Many godly Christian leaders are calling for repentance!

There is also an emphasis on repentance in the Jewish world. As the Jewish people entered into the biblical holiday of Elul. (It is a holiday marked by heart searching and repentance.) For 40 days from the first of Elul until Yom Kippur (the Day of Atonement), there is always a special emphasis on repentance—re-pentance between man and God and between one another.

A Jewish teacher, Eliezer Hyrcanus, is famous for saying to his students that they should repent one day before their death. One of his students replied by saying that no one knows when they will die. The teacher said, "Therefore repent today."

Breakingisraelnews.com reported last April that a rabbi living in southern Israel considered the blood moons to be a sign from God and is urging all to pray and repent. At the time of the third blood moon, he called for a prayer gathering at the Western Wall to encourage the coming of the Messiah (Jesus) and the redemption of Israel and the world.

## God's Remedy for a Sick World

God is yearning for human beings, created in His image, to repent of their evil ways and turn to Him. The Bible outlines His perfect plan for mankind. Throughout the cen-turies men have continually rebelled against their creator. Patiently, God calls them re-peatedly back to Himself. He promises restoration of our land if we will seek Him and repent.

**"If My people who are called by My name will humble themselves, and pray and seek My face, and turn from their wicked ways, then I will hear from heaven, and will forgive their sin and heal their land" (2 Chron. 7:14).**

The word translated "turn" in this passage is repent! Repentance is different from saying you are sorry. Repentance is a heart deep sorrow over one's sins, and a turning to face the op-posite direction with a determination to sin no more. Jesus, when presented with the woman caught in adultery, said to her, **"Neither do I condemn you, go and sin no more**"(John 8:11).

Today many call for Christians to not condemn sinners. While Jesus certain-ly modelled love for us, he also expected the woman to repent **—"Go and sin no more."** We are thankful for God's grace and forgiveness, but we must understand that His mercy is not a licence to sin.

This is the most urgent need of our times. The body of Christ needs to devote itself to seeking God in humility and prayer and to repent. As concerned believers we must repent on behalf of our own sin, and then seek God's mercy for our family, church, communi-ty and nation.

In 1863 at a national proclamation of prayer and repentance, President Abraham Lincoln wrote, "We have forgotten God. We have forgotten the gracious hand, which pre-served us in peace, and multiplied and en-riched and strengthened us; and have vainly imagined, in the deceitfulness of our hearts, that all these blessings were produced by some superior wisdom and virtue of our own. Intoxicated with unbroken success, we have become too self-sufficient to feel the necessity of redeeming and preserving grace,

*(Continued on page 6)*

*(Continued from page 5 - The importance…..)*

too proud to pray to the God that made us! We, then, should humble ourselves before the of-fended Power, to confess our national sins, and to pray for mercy and forgiveness". (The Presidential Prayer Team website).

Many say that God's judgment is coming and certainly He would be justified in acting with His strong arm. What should our response be? We need to humble ourselves and pray. We need to repent! We need to turn from our wicked ways. We need to ask God for His mercy. Just as He would have saved Sodom and Gomorrah, at Abraham's request, if only ten righteous men were found, so we can pray that for the sake of the righteous, God will show us His mercy rather than His judg-ment. As the Church of the Lord Jesus, we need to be a bright shining light of goodness and righteousness in the midst of darkness.

**How should we repent?**

1.Acknowledgment of sin ("I have sinned, I have acted perversely, I have transgressed.")

2.Remorse ("I am contrite and ashamed of my deeds")

Resolution for the future ("I will never do this again") ●

## GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

*Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.*

***

*There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.*

# UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

God Het Ons Geplaas. Ek is 'n lid van die liggaam van Christus.

Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus... Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie — behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie — behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees? Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het (1 Kor.12:12, 14–18).

Daar is drie dinge wat ons in hierdie stelling van Paulus moet sien. Eerstens, die keuse van waar en wat ons in die liggaam moet wees, is nie ons s'n nie, maar God s'n. God het die lede van Sy liggaam gerangskik en hul funksies toegeken. Dit is nie vir ons om te besluit nie; eerder, God besluit en openbaar Sy besluite aan ons. Tweedens, wanneer dit in ons lewens gebeur, smelt ons lewens saam in 'n groter geheel, die liggaam – tog behou ons ons eie persoonlikheid. Dit is soos 'n pinkie wat sy plek in 'n hand vind, sy aan sy met vier ander vingers, en is so verbind met die totale lewe en doel van die hele liggaam. As Christene, verloor ons nooit ons individuele identiteite nie, maar ons word deel van 'n groter, korporatiewe groep, wat al die tyd die bepaalde lede is waarvoor God ons bestem het om te wees.

Derdens, as 'n korporatiewe liggaam, is ons by magte om Christus in Sy volheid aan die wêreld te verteenwoordig. Nie een van ons kan Christus op ons eie voldoende verteenwoordig nie; maar wanneer ons verenig is in 'n liggaam, kan daardie liggaam volkome korporatief Jesus Christus ten volle in die wêreld verteenwoordig.

Dankie Jesus, dat U my deel gemaak het van U liggaam. Ek verklaar dat God my geplaas het, met 'n individuele identiteit, as deel van die geheel, om Christus te verteenwoordig in Sy volheid aan die wêreld. Ek is 'n lid van die liggaam van Christus.

# - NEW BOOK -

## "God's Eternal plan for Israel and His Church"

**Book number 78 -**
**R20.00 each**

## KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

**Ons Bankbesonderhede is:**
**Stanger Christian Sentrum,**
**Eerste Nasionale Bank,**
**53730091667,**
**Kode: 220129**

## Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks.

Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.



# UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

**Jes. 41:10: Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.** Dit is maklik om te sê: "Prys die Here! Halleluja!" wanneer dit goed gaan. Dit is maklik om te glo dat God jou liefhet wanneer jy op die kruin van die berg is en die sonskyn geniet. Wat gebeur egter wanneer jy onder in die donker vallei is, omring deur jou vyande?

Jy is miskien vandag in die vallei van huwelik, finansiële of liggaamlike probleme, en jy vra, "Waar is God?"

My vriend, Hy is reg langs jou. Die God van die valleie sê vir jou: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand."

Toe Koning Josafat omring en oorweldig was deur sy vyande, het die Gees van die Here op Jahasiël gekom en hy het vir die koning gesê: "Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. Trek môre af teen hulle: kyk, hulle kom op met die hoogte Hassis, en julle sal hulle aantref aan die kant van die dal voor die woestyn Jerúel. Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees" (2 Kron. 20:14–17).

Wat Koning Josafat volgende gedoen het was briljant. Hy het van wysheid van bo opgetree. In plaas van om sy kommando's voorop te plaas, het hy die sangers voor geplaas! Wat het die sangers gesing? Hulle het van God se liefde vir hulle gesing - "Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!" En God het hul vyande totaal vernietig! (2 Kron. 20:21–23)

Geliefde, dit is nie die beproewings wat ons sterk maak nie, maar ons reaksies in daardie beproewings. Die duiwel wil hê dat ons moet reageer deur te vra: "Waar is God?" Maar God wil hê dat ons moet reageer met geloof in Sy liefde vir ons. Ons is meer as oorwinnaars, nie omrede ons liefde vir Hom nie, maar deur Hom wat ons liefhet (Rom. 8:37).

Dus in watter vallei jy ook al vandag is, moenie vrees nie. God is daar by jou om jou te versterk en regop te hou. Sing net van Sy liefde vir jou en laat Hy jou gevegte vir jou veg!

Wees verseker van ons liefde en gebede elke dag en ons waardering en dankbaarheid vir al julle ondersteuning, liefde en gebede, sodat die woord uitgedra kan word na die verlorenes.

Ons dank die Here altyd vir julle.

Mag julle oorvloedig geseën word.

Liefdegroete

*Meg en die Gebedspan*

# Ons God van wonderwerke..

## Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Wees gegroet in die wonderlike, onfeilbare naam van die Here. Deur gedra deur die genade van die gebede en die Here. Ek wil net vir julle baie dankie sê vir die gebede wat julle vir my dogter Jeronique Kwezi opgedra het. Die Here het haar wonderlik gehelp. Die koppyne wat sy altyd gekry het, het die Here weggevat, en ook haar skoolwerk. Die Here het wonderlik ingetree. Sy het al haar vakke goed geslaag en is ook op die merietelys van die klas. Ek eer die Here vir Sy wonderlike helpende Hand.

**Mev J S Kwezi, Albertinia**

Good Day,

I would like to thank you for prayers for my sister Iris, she is out of hospital. Tests were done on her lungs and heart came back clear.

We serve a mighty God!!

Thank You and God bless you all at Christian Centre.

Kind Regards

**Lorraine Lester, Johannesburg**

Amen, dankie net Jesus alleen kan die wonderwerk in Charles se liggaam doen. Waar drs. uitsprake het en dit lyk of daar geen hoop is gryp God in. Dankie vir julle gebede!!

**Mev Bodington**

Ek het 'n ruk gelede geskakel want daar was 'n ontsettende pyn op my hart. Julle het vir my gebid en die pyn was onmiddellik weg en opvolg toetse het getoon dat alles nou normaal is! Dankie vir gebede en ek loof Koning Jesus!

**Mnr J P Smit, Kaapstad**

Dit is altyd 'n voorreg om aan u en almal wat saam met u in diens van die Here is te skryf. Die Here is wonderbaarlik goed vir my. Ek wil ook net getuig van SY liefde en goedheid. Die Here het my genees en ek het geen pyn meer in my heup nie. Ek dank en loof Hom daarvoor!

**Mev K Odendaal, Sunnyside**

Ek groet julle almal in die wonderlike naam van ons Here Jesus Christus. Ek het voorbidding gevra verlede jaar vir 'n baba. En ek wil net al die eer gee aan die Hemelse Vader vir die wonderwerke, ek is swanger. Ek sê net baie dankie vir al die gebed!! Baie liefde en groete aan almal by die Sentrum.

Mev J Kruger, Jeffreysbaai

Dit is met groot blydskap in my hart dat ek vandag vir u wil laat weet dat die gebede van u vir my baie beteken het. Die Here het my vrou, Joey se rug en bene volmaak genees! Die lamheid is weg! Ek kan nie ophou om Vader te loof en te vertel nie. Ons Vader se genade is oneindig en Sy liefde onbeskryflik! Die Here Jesus seën elkeen van julle. Liefdegroete.

**Mnr P van Zyl, Standerton**

Liewe Meg en die span,

Baie dankie vir u brief en dat julle almal vir my gebid het vir die genesing vir my blaas. My blaas is gesond, en ek loof en prys Jesus dat Hy vir my voorbidding gedoen het by die Vader. My innige dank en baie liefde. Mag julle werk van krag tot krag gaan.

**Mnr D Hoggart, Durban**

Ek kan die Here net loof en prys vir mense soos u daar by Stanger. Groot dank aan onse Vader wat dit verhoor het. Ek het voorbidding gevra vir my heupe. Ek is daarvan volkome genees. Ek gee Koning Jesus al die eer daarvoor. Dankie vir leesstof wat ek gereeld ontvang en boekie. Prys Sy Naam!

**Mev Susan Pieters, Durbanville**